# Rustenburg Gemeenskapskerk

**1 NOVEMBER 2020**


Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org.za

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer – 071 675 5564
E-pos / E-mail: esta1@vodamail.co.za.
Registration number: MPC: PBO 930046902


## Vandag by die Kerk

09h00: Erediens en Belydenisklas om 10h00

## Waar is die nood die grootste?



"Waarom eet julle Leermeester saam met tollenaars en sondaars?" (Matt 9:1)
Dit was 'n radikale dapper daad van Jesus om Matteus die tollenaar, te roep tot dissipel. Dit was vir die Farisieërs onvergeeflik dat Jesus daarna saam met "baie tollenaars en sondaars" geeët het. Met hierdie daad was Jesus besig om sterk standpunt in te neem .... 'n evangeliese standpunt.

Wanneer die Farisieërs 'n fees of 'n Kerkfees beplan het, het hulle slegs gesiene, vroom, voorbeeldige mense genooi. Jesus Christus nooi mense wat baie bewus is van hulle sondes en onwaardigheid. Mense wat nie streng volgens die wet geleef het nie, is deur die Fariseërs afgeskryf.

Jesus se standpunt was duidelik: Hy het gegaan waar die nood die grootste is, soos 'n geneesheer wat na die siekes toe gaan. Die sondaars het Jesus die nodigste gehad. Hy sê daarom in vers 13:"Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars." Hy het gekom na mense wat Hom nodig het, nie na mense wat Hom nie nodig het nie. Hy het gekom na mense wat dringend genesing en redding nodig het. Wat staan ons elkeen in die verband te doen? Kyk ons na mense soos die Farisieërs of kyk ons na mense deur die oë van Jesus Christus?




## Jeugkamp by Boonducks Farm



Datum: 6-8 November 2020
Kostes: R300.00
Wat gaan jy doen?

- Baie lekker kuier
- Groot vuur maak
- Oor belangrike goed gesels
- 2021 beplanning doen
- Nuwe vriende maak
- Lekker eet en slaap
- Bespreek by Maryke: 082 443 4847

## Volgende Teebeurte

Let asb op dat die teebeurte verskil van die kalender weens die verander-de skool-vakansies

**8 November: Wyk 15+16**
**15 November : Wyk 1**

## Video boodskap deur Droogtehulp

Daar is onlangs 'n video-boodskap op Facebook geplaas wat groot ontsteltenis veroorsaak het. Die direkteur van Droogtehulp het 'n striemende aanval op Kerke in die algemeen gemaak wat volgens hom "onbetrokke is by wat in die land aangaan." Hy het selfs lidmate daarin aangemoedig om hul "tiendes' aan die Kerk te staak.
Die Rustenburg Gemeenskapskerk is juis die geboorte plek van Droogtehulp SA NPC. Ons lidmate was van die begin af die kerngroep wat die belangrike werk van die grond af gekry het. Uit ons geledere het skenkings gekom van gras, voer vragmotors, bestuurders, diesel geld, tyd, borgskappe, gholfdae en ander projekte ten bate van Droogtehulp. Ek het die betrokke persoon verwys na persone in ons Kerk wat sal help. Die mense staan tot vandag toe nog aan sy sy. Ek salueer hulle.
Ons verwrag van 'n leier van so 'n belangrike organisasie om wys te wees, nie dwaas nie. Die RGK sal verseker voortgaan met Droogtehulp, maar nie in samewerking met Chris van Beljon en Droogtehulp SA NPC nie.

## Dankoffers

**Ons Kerk se:**
**- instandhouding**
**- groei**
**- hulpverlening**
**kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!**



- ☑ **EFT**
- ☑ **Stoporder**
- ☑ **Kontant koeverte**

**by ⓘ toonbank**

## Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van

## 1-7 November 2020



**1-LJ Fourie,**
**Marlene Mackay**
**Tyler Ferreira**
**4-Lienke-Catrien Joubert**
**Zenta Lemon,**
**Suné Nolte**
**6-Barbara Haywood**
**7-Andrew Truter (Snr)**

## Bid asb vir ons lidmate



- Charlotte Pieterse
- Christelle Nel
- Daan Dercksen
- Shaun Lottering
- Sanette v/d Walt
- Ditta Joubert
- Peet Dique
- Isabel Mc Donald
- Lenie Terblanche
- Ronel Engelbrecht
- Cisca Hopkins